

# Pretoriana

MERENSKY-BIBLIOTEK  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1 APR 1954

Klasnummer 05 (68)

Registernummer P3/3



*Genootskap Oud-Pretoria*

*Association Old Pretoria*

Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

## INHOUD — CONTENTS

Annual Report of the Association Old Pretoria.

Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria.

Ons nuwe Bestuur — Our new Executive Committee.

H. M. Rex: Sytze Wierda.

Oom Henk: 'n Paar Kykies in Marktstraat.

C. J. Beanes: Fountain Lodge.

Dr. T. S. van Rooyen: Die Kronieke van Wallmannsthal — II.

Korrespondensie — Correspondence.

G. Pott: Where President Kruger stayed in Lourenco Marques in 1895 and 1900.

# JOHN J. KIRKNESS Ltd.

P.O. BOX 44  
PRETORIA

**Manufacturers of Building Bricks of all kinds,  
Klompjes, Roofing Tiles, Quarry Tiles,  
Structural Hollow Tiles, etc.**

**FACTORIES:—**

Groenkloof No. 419 — Pretoria — Phone 2-3288/9

Sandfontein No. 93 — Pretoria — Phone 3-1070

# *Annual Report*

## OF THE ASSOCIATION OLD PRETORIA

I HAVE pleasure in presenting the annual report for the year 1953.

In the course of the year the membership has increased to 110, a clear proof of the enduring and growing interest taken in the Society by the public of Pretoria. An old Pretorian whose name is on our honorary register, Mr. D. J. Sim, was lost to us through his death on the 12th July, 1953. Our sympathy goes out to his family.

The committee was composed as follows: Chairman, Dr. W. Punt; Vice-Chairman, Prof. A. N. Pelzer; Secretary, Dr. F. J. du T. Spies; Treasurer, Mr. G. Rissik; Archivist, Miss J. H. Davies; Members, Dr. V. Fitzsimons, Mrs. H. Greenlees, Mr. J. P. Jooste, Dr. T. S. van Rooyen, Mr. J. A. de Loor, Mr. R. Peacock; Representatives of the City Council: The Mayor, Councillor J. Visse, and Councillor W. J. Seymore.

During the year two of our committee members, the Chairman, Dr. Punt and Mr. Jooste, served on a committee of the City Council to eliminate duplicate street names. As a rule the older street name was retained and as far as possible, a new name was found from history for the younger street. The work has now been completed and it is a matter for gratification to us that most of the names recommended by our representatives were accepted.

In the course of the year our Society exerted itself in the matter of preserving what is in our opinion the oldest existing house in Pretoria—on the corner of Paul Kruger and Skinner Streets. As the stand is in the market, the intension is to demolish the house and, using the same materials, to re-build it elsewhere. The City Council is interested in the matter. A special general meeting of the Society was called in June to discuss it. The house as such is being given gratis by the owners, Mr. G. N. Heydenrych and his mother, to whom are due our sincere thanks and appreciation. Councillor L. Besaans has obtained the co-operation of the Master Builders' Association for the eventual removal of the house. We hope to obtain a suitable site from the City Council. The matter is now in the hands of a committee consisting of Councillor Besaans, Mr.

G. N. Heydenrych, Prof. A. L. Meiring, Mr. H. Eaton and Dr. W. Punt.

Our quarterly "Pretoriana" is steadily increasing in popularity. Thanks to the tireless activity of our editor, Dr. van Rooyen, we think that the quality of the quarterly is also steadily improving. The publication of the paper during the past year has, apart from the regular and valued contributions of the City Council, been made possible by donations from the firms John J. Kirkness Ltd., and Robert Hamilton (Pty.) Ltd. To them our sincere thanks. Especially too our thanks to Mrs. Punt for her exertions in this connection. The number of subscribers, together with the ordinary members, total some 160. We urge members to send in contributions on the past of our City.

A special word of thanks to our City Council which is always very well disposed towards us and which this year has doubled its grant to the Society. Our thanks too to Dr. FitzSimmons for the use of his office for committee meetings.

My thanks to the committee for its excellent co-operation. Our zealous chairman, Dr. Punt, is at present overseas, where we understand he is collecting valuable historical material. During his visit to Clarence he presented to the Kruger House there a photograph of the old Government Building on behalf of the Society.

A. N. PELZER,  
(Vice-Chairman).

---

---

# *Jaarverslag*

**VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA.**

**M**ET genoë lê ek hiermee die jaarverslag vir die jaar 1953 voor.

Die ledetal het in die loop van die jaar uitgebrei tot 110 wat 'n duidelike bewys is van die bestendige en groeiende belangstelling wat die Genootskap by die publiek van Pretoria geniet. 'n Oud-Pretoriaan, wie se naam op ons ere-register is, Mnr. D. J. Sim, het ons op 12 Julie, 1953 ontval. Ons deelname aan die familie.

Die bestuur was as volg saamgestel: Voorsitter, Dr. W. Punt; Ondervoorsitter, Prof. A. N. Pelzer; Sekretaris, Dr. F. J. du T. Spies; Penningmeester, Mnr. G. Rissik; Argivaris, Mej. J. H. Davies; Lede, Dr. V. Fitz-

Simons, Mev. H. Greenlees, Mnr. J. P. Jooste, Dr. T. S. van Rooyen, Mnr. H. A. de Loor, Mnr. R. Peacock; Verteenwoordigers van die Stadsraad: Die Burgemeester, Raadslid J. Visse en Raadslid W. J. Seymore.

Gedurende die jaar was twee van ons bestuurslede die voorsitter, Dr. Punt en Mnr. Jooste, op 'n Komitee van die Stadsraad om duplikaatstraatname uit die weg te ruim. In die reël is die ouer straatnaam gehandhaaf en 'n nuwe naam vir die jonger straat so ver moontlik uit die geskiedenis gesoek. Die werk is nou afgehandel en dis vir ons 'n genoë dat die meeste name wat deur ons verteenwoordigers aanbeveel is, aanvaar is.

In die loop van die jaar het ons Genootskap hom beywer vir die bewaring van wat na ons mening die oudste bestaande huis in Pretoria is—op die hoek van Paul Kruger- en Skinnerstrate. Aangesien die perseel in die mark is, is die plan om die huis te sloop en elders met dieselfde materiaal weer op te bou. Die Stadsraad is daarvoor geïnteresseer. 'n Spesiale algemene vergadering is in Junie daarvoor belê. Die huis word as sodanig gratis afgestaan deur die eienaars, Mnr. G. N. Heydenrych en sy moeder. Ons opregte dank en waardering aan hulle. Raadslid L. Besaans het die medewerking verkry van die Boumeestersvereniging vir die eventuele verskuiwing. Ons hoop om van die Stadsraad 'n geskikte terrein te kry. Die saak berus tans in die hande van 'n komitee bestaande uit Raadslid Besaans, Mnr. G. N. Heydenrych, Prof. A. L. Meiring, Mnr. H. Eaton en Dr. W. Punt.

Ons kwartaalblad „Pretoriana” geniet steeds meer populariteit. Danksy die onvermoeide aktiwiteit van ons redakteur, Dr. van Rooyen, meen ons dat ook die gehalte daarvan steeds verbeter. Die uitgawe daarvan gedurende die afgelope jaar is, behalwe vir die gereelde en gewaardeerde bydrae van die Stadsraad, moontlik gemaak deur skenkings van die firmas John J. Kirkness Beperk, en Robert Hamilton (Edms.) Bpk. Aan hulle ons opregte dank. Veral ook ons dank aan Mev. Punt vir haar beywering in die verband. Die getal intekenare, saam met die gewone lede, tel sowat 160. Ons dring by ons lede aan om bydraes oor die verlede van ons stad.

'n Spesiale woord van dank aan ons Stadsraad wat ons steeds baie goedgesind is en vanjaar sy toelaag aan die Genootskap verdubbel het. Ons dank Dr. Fitzsimons vir die gebruik van sy kantoor vir bestuursvergaderings.

My dank aan die bestuur vir hul daadwerklike en vriendelike samewerking. Ons ywerige voorsitter, Dr. Punt, is tans oorsee waar hy, na ons verneem, waardevolle historiese materiaal insamel. Tydens sy besoek aan Clarens het hy namens die Genootskap 'n portret van die ou Goewermentsgebou aan die Kruger-sterfhuus oorhandig.

A. N. PELZER,  
(Vise-Voorsitter).

## ONS NUWE BESTUUR

## OUR NEW EXECUTIVE COMMITTEE.

Die nuwe bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria vir 1954 soos gekies op 24 November 1953:

The new executive committee of the Association Old Pretoria which was chosen on the 24th October, 1953 for the year 1954:

*Ere-President* — THE MAYOR OF PRETORIA — *Chairman.*

DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA.

*Ondervoorsitter* — Dr. V. FITZSIMONS — *Vice-Chairman.*

*Skrywer* — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*

*Penningmeester* — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*

*Argivaris* — Kapt./Capt. H. DE V. DU TOIT — *Archivist.*

*Lede* — Dr. T. S. VAN ROOYEN — *Members.*

Mej./Miss J. H. DAVIES.

Mr./Mnr. H. A. DE LOOR.

Mnr./Mr. R. PEACOCK.

Dr. G. W. EYBERS.

Mnr./Mr. H. M. REX.

*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:*

Raadslid/Councillor W. J. SEYMORE.

Aan dié lede wat gedurende die afgelope jaar die belange van die Genootskap Oud-Pretoria so onbaatsugtig gedien het en wat nie weer vir die komende jaar verkies is nie, ons hartlike dank.

Die Redakteur wil ook hierdie geleentheid te baat neem om sy dank uit te spreek aan al diegene wat gedurende die afgelope jaar stukke vir plasing ingestuur het. Sonder hul vriendelike medewerking sou dit nie moontlik gewees het om ons blad so gereeld te laat verskyn nie.

The Editor wants to thank all those who contributed articles for publication in our magazine during the past year. Without their friendly co-operation it would have been impossible to continue with the publication of this magazine.

T. S. VAN ROOYEN,

Editor/Redakteur.

# Sytze Wierda

„Gouvernements Ingenieur en Architect”  
en „Hoofd van Publieke Werken” van die  
Suid-Afrikaanse Republiek (1887—1900).

**Enkele Besonderhede oor sy Nederlandse  
Tydperk en Agtergrond (1839—1887)**

deur H. M. REX.

Sytze Wierda is gebore op die 28ste Februarie 1839 te Wynjeterp<sup>1)</sup> in die Frieslandse provinsie van Nederland, waar sy vader Wopke Wierda, 'n vooraanstaande perdeboer was<sup>2)</sup>. As jong seun het Sytze egter geen belangstelling in sy vader se perdeboerdery getoon nie, maar toe alreeds ruim blyke gegee van 'n artistieke aanleg en begaafdheid. Op jeugdige leeftyd het hy hom veral aangetrokke gevoel tot die boukuns en alles wat daarmee in betrekking gestaan het<sup>3)</sup>. Sy besondere liefde vir die artistieke in die argitektuur, het gedurende sy hele lewe geblyk. Sy hartstog vir die argitektoniese skoonheid het mettertyd ruim uiting gevind in rustelose skeppende werksaamheid in Nederland en in Suid-Afrika.

As seun het hy saans tot laat gewerk om hom as argitek te bekwaam<sup>4)</sup>. In verband met sy opleiding het hyself die volgende vertel: „Myn opleiding was practisch en theoretisch beide, en ik macht al vroeg het voorrecht genieten (in) een positie te geraken, by de reeds verkregen kennis, telkens meerdere te vergaren”<sup>5)</sup>.

Op die 15de Maart 1862<sup>6)</sup>, is hy op 23-jarige leeftyd te Drachten in Nederland, in gemeenskap van goedere getroud met Harmina Kamp<sup>7)</sup>. Uit die egverbintenis is vier dogters gebore, t.w. Petronella, Hendrika, Anna en Suze<sup>8)</sup>.

Wierda was 'n lidmaat van die Christelyke Gereformeerde Kerk van Nederland, waarvan Ds. H. de Cock in 1834 die stigter was. Sy streng sedelik-godsdiensige opvattings en lewensbeskouing wat in sy jeugjare by hom ingeskerp is, het dwarsdeur sy hele lewe tot uiting gekom in 'n onbesproke Christelike lewenswandel. Veral in die tydperk toe hy in die



WIERDA'S NAME WILL ALWAYS BE ATTACHED TO THE OLD GOVERNMENT BUILDING IN PRETORIA.  
THIS PHOTO WAS TAKEN IN 1903. NOTE THE HORSES IN FRONT OF THE BUILDING.



Suid-Afrikaanse Republiek die Hoofamptenaar was van 'n baie belangrike staatsdepartement en verantwoordelik was vir die besteding van honderd-duisende ponde staatsgeld, en gevolglik voortdurend in die versoeking geplaas is om omkoopgeskenke van voornemende kontrakteurs te ontvang, het hy elke aanslag op sy eerlikheid en onkreukbaarheid met die veragting behandel wat so 'n voorstel verdien. Elke poging om hom om te koop — en daar was baie!—het misluk. Wierda se huislike en kerklike opvoeding het vir die Republiek skone vrugte gedra, en sonder vrees vir teenspraak kan daar aanspraak op gemaak word dat Wierda nie alleen een van die bekwaamste, maar ook een van die getrouste en eerlikste hoofamptenare van die Republiek was.

## **Wierda se Werksaamhede in Nederland.**

### **A. In diens van die Staatsspoorweë.**

Wierda is in Januarie 1866 deur die Nederlandse Ryksregering in die Staatsspoorweë aangestel<sup>9)</sup>. Sederdien was hy tot in 1887 met sy vertrek na Suid-Afrika, onafgebroke belas met die ontwerping, en uitvoering van verskillende werke vir die Staatsspoorweë. Wierda het goeie kennis gehad van die Nederlandse bodemgesteldheid, en op grond daarvan het baie belangrike werke en stasie-inrigtings tot stand gekom. Hy was dan tewens ook in 'n goeie geleentheid om alles wat regstreeks of onregstreeks betrekking gehad het op die spoorwegbou, grondig te leer ken. Verder het hy kennisgemaak met verskillende fabriekke in Nederland, sowel as in ander lande.

Sy eerste aanstelling in die Nederlandse Staatsspoorweë het op die 19de Januarie 1866 in aanvang geneem en wel as „gewoon opzichter” teen 'n jaarlikse salaris van 1,080 gulde, wat op die 15de April 1867 verhoog is tot 1,200 gulde per jaar. Op die 5de Augustus 1867 is Wierda bevorder tot „Opzichter 2e Klasse” teen 'n salaris van 1,300 gulde per jaar. 'n Jaar daarna is sy salaris verhoog tot 1,400 gulde. Sy volgende bevordering, op die 17de Augustus 1870, was tot „Opzichter 1e Klasse,” teen 'n jaarlikse salaris van 1,600 gulde, met 'n verdere salarisverhoging na 1,800 gulde op die 26ste Mei 1873. Die hoogste sport, wat rang betref, het Wierda bereik op die 11de Februarie 1875, toe hy, kort voor sy 36ste verjaarsdag, bevorder is tot „Hoofd Opzichter,” teen 'n salaris van 2,000 gulde per jaar. Uit die gereelde bevorderings kan die afleiding gemaak word dat sy dienste deur die hoofde van die Staatsspoorweë op prys gestel is en dat hy erkenning gekry het vir sy nougesette pligsbetragting. Nadat hy “Hoofd Opzichter” geword het, is sy salaris daarna nog gereeld jaarliks verhoog, sodat sy salaris op die 28ste Maart 1883 op die 2,400 gulde-kerf te staan gekom het<sup>10)</sup>.

As „Hoofd Opzichter” en argitek by die oprigting van die beroemde Amsterdamse „Centraal Station,” wat in 1887 voltooi is, het Wierda vir

jarelank 'n belangrike werksame aandeel gehad. Vir 'n geruime tyd het hy sy beste kragte daaraan bestee<sup>11)</sup>.

## **B. Wierda as Kerkboukunstenaar.**

Te midde van al sy drukke werksaamheid en veelvuldige pligte by die Staatsspoorweë, het Wierda tog nog genoeg vry tyd gevind om talle privaat persone en verskillende gemeentes van diens te wees met sy tegniese en boukundige kennis. Wierda self het in verband daarmee een en ander meegedeel: „Inmiddels vond ik nog gelegenheid onze Chr. Ger. Gemeente hier en daar by te staan, en van nut te zyn, waar het de bouw van kerken, scholen of pastorien gold, daar zy minder gaarne van moderne architecten gediend wensch te zyn en wanneer eigen krachten te kort schoten“<sup>12)</sup>

Kergeboue te Zaandam, Hijum in Friesland, Tilburg, Baarn, Nieuwendyk by Almkerk, 's Hertogenbosch en Emblichheim in die graafskap Bentheim (in 1882 is o.a. volgens sy ontwerpe gebou en almal het van goeie boukundige smaak getuig<sup>13)</sup>. Onder al sy drukke werksaamhede het die onvermoeide werker dus nog die tyd gevind om die bgn. kergeboue oor die lengte en breedte van Nederland te ontwerp „en velen daarvan zyn tot op deze dag nog daar als evenzoveel gedenktekenen van de eenvoud, de bescheidenheid en het fyne gevoel van deze begaafde landgenoot“<sup>14)</sup>.

As kerkboukunstenaar het Wierda veral in die kring van die Christelyke Gereformeerde Kerk—soos dit blyk uit verskillende getuienisse—blykbaar hoë agting geniet en erkentlikheid ontvang. Met warme waardering is van sy ontwerpe gespreek. Wierda was 'n besonder praktiese en bekwame persoon, met hoogstaande karaktereienskappe, wat soos alreeds aangetoon, voortgespruit het uit en die vrug was van sy Christelik-Gereformeerde godsdienstige gesindheid.

In verskillende kerklike blaaië van destyds is daar met lof van Wierda se ontwerpe melding gemaak. So getuig o.a. „De Bazuin,” No.40, dd. 7/10/1881: „De Kerkraad der Chr. Ger. Gemeente te Baarn acht zich verplicht om, nu hun kergebouw uit—en inwendig geheel afgewerk is, een woord van openlyke dank uit te spreken voor de degelyke, zeer uitnemende wyze waarop de architect, de heer S. Wierda van Amsterdam zyn waarlyk vernuftig uitgedacht bouwplan heeft doen uitvoeren. Aller goedkeuring draagt het kerkgebouw weg en geen wonder. Met veel vrymoedigheid wordt hy aanbevolen aan Kerkenraden en Commissien by een voorgenomen kerkbouw. Onze kleine zwakke gemeente heeft bovendien ondervonden dat men in deze architect tevens een broeder vindt.

„Dit kergebouw benevens die van Zaandam en Nieuwendyk en anderen, alsook de onlangs geopende Chr. School te Baarn en eenige villa's bewyzen bovendien dat hy op elk gebied der boukunst waarlyk een meester is, die verscheidenheid aan deugdelykheid en schoonheid weet te paren“<sup>15)</sup>.

Die predikant van die Chr. Ger. Gemeente te Baarn, A. H. Gazelle-

Meerburg, het op die 1ste Junie 1882, ook met lof van Wierda getuig: „De ondergetekende kan met de meeste vrymoedigheid getuigenis geven aangaande de groote bekwaamheid en Christelyke eerlykheid en nauwgezetheid van zynen geliefde Vriend en Broeder de Heer S. Wierda. ZEd. heeft eerst de pastorie der Chr. Ger. Gemeente te Baarn in bestek gebragt en doen op bouwen. En dat was zoo zolied en daarby zoo degelyk en tevens zuinig, daar de financien der gemeente gering waren, geschied, dat (de) Kerkeraad en gemeente niemand anders verkozen toen er behoefte was aan een kerkgebouw. Ook dit heeft ZEd. doen verryzen tot volkomegenoegen en onder de onvoorwaardelyke goedkeuring van allen. Als uiterst bekwaam man achten we hem hoog, als een broeder hebben we hem lief, en door tusschen aannemer en leweranciers gerezen moeielykheden hebben we ruimschoots gelegenheid gehad om zowel zyne teederheid van geweten voor God als ook zyne takt van handelen, te kunnen waardeeren.” Tenslotte is beklemtoon dat die kerk — en ander geboue wat deur Wierda ontwerp is, ruim getuigenis lewer van sy vermoë om skoonheid met deugdelikheid en lae koste te verenig<sup>16)</sup>.

Een van Wierda se bekendste ontwerpe was die kerkgebou met bygebou vir die Chr. Ger. Gemeente van Zaandam, geleë aan die Stationsweg<sup>17)</sup>. Die gebou het bestaan uit die kosterwoning en die konsistorie.

Die bouaannemers was M. de Vries Jnr. en J. de Ruiters, albei van Amsterdam. Die bedrag waarvoor hulle getender het was 27,444 gulde, wat 2,052 minder was as waarvoor die argitek beraam het.

Die lengte van die hoofgebou was 23.55 meter en die breedte 17.55 meter, met die lengte van die voorsprong as 11.00 meter, terwyl die breedte van die voorsprong 0.90 meter was.

Behalwe die kerkruiimte, was daar in die voorsprong agter die hoofingang, 'n portaal en daarnaas twee bēreplekke of kaste asook agter elke sy-ingang 'n portaal met trap na die gallery, en 'n gallery langs die voorgewel.

Die bygebou het uit eerstens 'n kosterwoning, bestaande uit 'n gang, kamer met 'n „alcove,” twee bedstede en twee kaste, kombuis met kas, en 'n „aanregt” met pomp en kelder, bestaan. Verder was daar 'n bēreplek en solderruimte, 'n konsistoriekamer met portaal en deurgang na die kerk, 'n retiree en urinoir en 'n reënbak onder die kombuis.

Die kerkgebou het ruimte gebied vir 76 vaste kerbanke wat as volg gerangskik is: 22 van 3.00 meter lank, 12 van 3.92 meter, 10 van 5.08 meter, 22 van 6.00 meter, en op die gallery 4 van 4.50 meter en 6 van 4.00 meter.

Volgens die tydsbepaling vir die uitvoering van die kontrak, moes die hele kerkgebou met die bygebou binne 4 maande na die aanvang van die bouwerkzaamheid, onder dak wees, en voorsien met die vereiste geute en lood- en sinkbedekking. Van buite moes die geboue geheel afgewerk gewees het. Binne agt maande na goedkeuring (approbatie) moes die voltooid gebou finaal in goeie orde afgelewer word.

Die kerkgebou vir die Chr. Ger. Gemeente te Nieuwendyk by Almkerk, was nog een van Wierda se bekende ontwerpe<sup>18)</sup>.

Die bouaannemer was die heer De Jongh van Werkendam wat vir die bedrag van 18,600 gulde getender het. Wierda se eie beraming vir die oprigtingskoste van die kerkgebou was 18,300 gulde.

Die hoofafmetinge „buitenwerks boven het plint gemeten” was: Breedte van die gebou: 12.58 meter, en die lengte: 22.29 meter.

Die gebou het 'n portaal agter die voorgewel bevat, met daarbo 'n orreltribune.

In die kerkruimte is voorsiening gemaak vir 46 vaste kerkbanke: 31 van 2.45 meter, 8 van 3.00 meter, 6 van 4.92 meter en 1 van 5.00 meter.

Die voltooide kerkgebou moes op die 1ste Desember 1877 finaal afgelewer gewees het.

Die algemene voorskrifte, vasgestel by beskikking van die Minister van Binnelandse Sake ged. 22 Mei 1876, No. 31, was op die werk van toepassing.

Gedurende die Kersfeesdae van 1886, is een van Wierda se laaste kerkgeboue wat hy in Nederland ontwerp het, ingewy<sup>19)</sup>. In 'n koerant-uitknipsel—die naam van die koerant en die datum ontbreek ongelukkig—kom daar 'n uitvoerige verslag van die inwyding voor: „Op een plein, te midde van een ry deftige huizen, verheft zich de ‚Scholtiaanze’ (onze gewone bynaam in N. Brabant) kerk. Het front voldoet zeer goed en maakt met de daaraan grenzende pastorie een schoon geheel. In den gevel, boven den hoofdingang, bevindt zich een ovale steen, waarop met vergulde letters dit welgekozen woord: Het Evangelie van Christus is een kracht Gods tot zaligheid, voor een iegelyk die gelooft. Rom.1.:16b.

„Wie de kerk binnentreedt, wordt getroffen door hare nette, doelmatige inrichting en hare flinke ruimte.

„Aan weerszyden van den kansel bevindt zich een deur. Met de eene komt men in het Militair Tehuis, met de andere in de Consistorie. Zyn er zeer veel militairen, dan wordt van beide kamers, die door openslaande deuren tot één zaal gemaakt kunnen worden, gebruik gemaakt. Boven deze kamers bevindt zich een zeer geschikte woning voor den Concierge.

„Wie het geheel van kerk en pastorie, Militair Tehuis, Consistorie en bovenwoning in aanschouw neemt, brengt hulde aan den architect, den heer Wierda van Amsterdam, die als een wys bouwmeester dit keurig plan heeft ontworpen en veel zorg voor de uitvoering heeft gedragen . . . .”

### **C. Wierda as Argitek van School—en ander Geboue.**

Afgesien van kergeboue, het Wierda ook verskillende ander geboue in sy vry tyd ontwerp.

Die heer H. T. Bührmann het tydens sy besoek aan Nederland, in 'n brief aan Vise-president Kruger en die lede van die Driemanskap— waarin

hy Wierda vir 'n betrekking in die Republiek aanbeveel het—o.a. melding gemaak van „een buitengewone menigte van zeer fraaie tekeningen en plannen van gebouwen enz. door ZEd. (d.i. Wierda) zelve opgemaakt”<sup>20</sup>).

Wierda het planne ontwerp vir enkele Christelike Skole te Drogten en Baarn, benewens 'n „Evangelisatie gebouw” te Tilburg in Noord-Brabant. Ook pastorieë vir Nieuwendyk en Baarn is deur hom ontwerp<sup>21</sup>).

Sy laaste arbeid as argitek in Nederland het in verband gestaan met die bou van die „Instituut Eikenhorst,” 'n Christelike Kosskool te Baarn, waarvan die heer G. A. Bosch die Hoof was<sup>22</sup>).

Teen die begin van April 1887 is die eerste steen daarvan gelê en 'n koerantberig<sup>23</sup>) het o.a. die volgende gemeld: „Het plan van dit gebouw, door deskundigen zelfs uitstekend genoemd, is ontworpen door den architect S. Wierda; de uitvoering ervan is opgedragen aan den laagsten inschryver den heer W. C. Beeremans, beiden van Amsterdam. Het werk moet voor 20 Augustus worden opgeleverd. De plaats, waar het gebouw zal verzyzen, ligt in de onmiddellyke nabyheid van 't Station, van het Amalia—en van het Prins-Hendrikpark.”

#### **D. Wierda se verdere Argitek—en ander Werksaamhede.**

Wierda was ongetwyfeld 'n besonder praktiese, nougesette en bekwame persoon, en in 'n hoë mate begaafd met 'n rustelose skeppingsdrif.

Op die provinsiale tentoonstelling te Drogten is 'n „circulairkachel” (m.b.t. ventilasie) volgens 'n sisteem deur hom ontwerp, met 'n prys bekroon<sup>24</sup>).

Wierda het ook 'n ontwerpplan ingestuur vir 'n nuwe Beursgebou te Amsterdam, en van sy ontwerp, tesame met enkele ander uit 'n totaal van 26 ontwerpe, het die Raad aldaar, met lof melding gemaak. In 1883 is 'n Internasionale Pryspraak vir 'n Beursgebou deur die Gemeentebestuur van Amsterdam uitgeskrywe. Dr. H. P. Berlage, die vernuer van die Hollandse boukuns, het o.a. ook 'n ontwerp ingestuur. In 1885 was daar 'n tweede pryspraak vir die eindwedstryd. Berlage het die vierde prys verower. Intussen is die saak nie verder gevoer nie, totdat in 1897 die nuwe ontwerp van Berlage aanvaar is<sup>25</sup>).

'n Tweede ontwerp vir die Beursgebou deur Wierda, is vanweë sy verdienste gepubliseer in „De Hedendaagsche Bouwkunst,” 'n publikasie van uitgesoekte ontwerpe, uitgegee deur die firma J. B. Wolters van Groningen.

'n Ontwerp vir 'n Biblioteekgebou van die „Maatschappy ter Bevordering der Bouwkunst” is met 'n accessitprys (d.i. tweede prys) bekroon.


Na aanleiding van 'n werk deur Wierda geskrywe oor die Belgiese Industrie m.b.t. Nederland, het hy van die destydse Nederlandse Minister van Waterstaat, Handel en Nywerheid 'n hoogs gewaardeerde eiehandig-geskrewe brief ontvang, en ewe-eens oor dieselfde werk 'n baie gunstige skrywe van die Belgiese Minister van Openbare Werke<sup>26</sup>).

## E. WIERDA se Lidmaatskap van Boukundige Institute.

Op grond van algemeen-erkende verdienstes en prestasies op boukundige en ingenieursgebied, het Wierda lid geword van verskillende Institute. Op die 8ste November 1887 is hy benoem as „gewoon lid” van die „Koninklyk Instituut van Ingenieurs,” wat in 1847 opgerig is en sy hoofsetelplaas in 's Gravenhage gehad het.

Op die 25ste April 1894—destyds was hy alreeds Hoof van Publieke Werke van die Suid-Afrikaanse Republiek — is hy gekies as 'n Ere lid van die „S.A. Association of Engineers and Architects,” wat sy hoofkantoor in Johannesburg gehad het<sup>27</sup>).

Toe Wierda op die 1ste November 1887 in sy 48-ste jaar as „Gouvernements Ingenieur en Architect” van die Suid-Afrikaanse Republiek in diens getree het, was hy deur studie en ondervinding, sowel as deur sy uitmuntende karaktereienskappe, besonder goed voorberei vir die moeilike en veeleisende taak wat in die loop van die volgende 13 jaar op hom gewag het. Daardie taak het hy met ywer en nougesetheid verrig. Die werksame aandeel wat hy gehad het in die totstandkoming en opbou van die Departement van Publieke Werke van die Suid-Afrikaanse Republiek, kan sonder veel moeite beskrywe word aan die hand van beskikbare dokumente in ons eie argiewe. Die vrug van sy arbeid in S.A. kan vandag ook nog gesien word in verskillende openbare en private geboue, brûe en monumente.



Die Arcadia Brug, Pretoria, ± 1902. Architect: S. Wierda

(Foto: Epstein, Durban)

Vir die navorser in S.A. wat in die lewe en werk van Wierda belangstel, bly sy Nederlandse agtergrond en arbeid egter tot nog toe grotendeels 'n geslote boek.

Om tot 'n juiste waardering en oordeel oor Wierda se werk in die Republiek te kom, sal navorsing in Nederland self oor die lewe en werk van Wierda voor sy koms na Transvaal in 1887, gebiedend noodsaaklik wees. Tenspyte van die skamele gegewens tot my beskikking het ek dit goedgedink om nou alreeds enkele lewensbesonderhede oor Wierda se Nederlandse periode onder die aandag van die leserskring van „Pretoriana” te bring.

---

<sup>1)</sup> Sterfkennis. Boedel No. 19316/1911, Boedelkantoor, Pretoria. Volgens sy eie mededeling egter by R.2693/87 (Staatsargief, Pretoria) is hy te Hemrich, „in den boerestand” gebore.

<sup>2)</sup> Mededeling van Mevr. van Hoogstraten, Wierda se enigste oorlewende dogter.

<sup>3)</sup> Hollandsch Weekblad voor Zuid-Afrika, 25/7/1936.

<sup>4)</sup> Mededeling van Mevr. van Hoogstraten.

<sup>5)</sup> R.2693/87.

<sup>6)</sup> Koerantuitknipsel (naam ontbreek) i.v.m. die herdenking van hulle „25-jarige Echtvereniging” op 15/3/1887.

<sup>7)</sup> Sterfkennis. Boedel No. 19316/1911.

<sup>8)</sup> Ibid.

<sup>9)</sup> Gegewens i.v.m. sy dienstyd by die Staatsspoorweë ontleen aan sy brief aan Pres. Kruger: R.2693/87.

<sup>10)</sup> E.V.R. 129 (Deputatie Stukken): Bylage F, Applicaties, bl. 428.

<sup>11)</sup> Holl. Weekblad voor Z.A. 25/7/1936.

<sup>12)</sup> R.2693/87.

<sup>13)</sup> Koerantuitknipsel (sonder naam), art. geskrywe deur G.A.B., vermoedelik G. A. Bosch, Hoof v/d „Instituut Eikenhorst,” 'n Christelike Kosskool te Baarn; vgl. Verw. 22. Vgl. ook R.2693/87.

<sup>14)</sup> Holl. Weekblad voor Z.A., 25/7/1936.

<sup>15)</sup> Bylaag 4 by R.2693/87.

<sup>16)</sup> Bylaag 2 by E.V.R.129.

<sup>17)</sup> Vlgs. gedrukte Bestek v/d Kerkgebou te Zaandam, 43 bl., gedruk deur Van-Spanjen Koppenol, Zaandam. Ongedateerd, in elk geval na 1/3/1866: Vgl. bl. 40: Die algemene voorskrifte vasgestel by beskikking v/d Min. van Binnelandse Sake v/d 1ste Maart 1866 No. 177, 3de Afd. is op hierdie werk van toepassing.

<sup>18)</sup> Gedrukte „Bestek en Voorwaarden” v/d „Kerkgebouw te Nieuwendyk,” 34 bl., Amsterdam, Apr. 1877.

<sup>19)</sup> Koerantuitknipsel, naam v/d blad en datum ontbreek.

<sup>20)</sup> E.V.R. 129, Deputatie Stukken, Byl. F., Applicaties, bl. 424 e.v.

<sup>21)</sup> R.2693/87.

<sup>22)</sup> Koerantuitknipsel, sonder naam en datum, waarskynlik einde 1887, art. geskrywe deur G.A.B.

<sup>23)</sup> De Standaard, 6/4/1887.

<sup>24)</sup> R.2693/87.

<sup>25)</sup> Handelingen en Levensberichten v/d Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden, Jaarboek 1934-35, bl. 119, Art. deur H. F. van Gelder.

<sup>26)</sup> R.2693/87.

<sup>27)</sup> Vlgs. sertifikaat van lidmaatskap van bgn. verenigings.

# 'n Paar Kykies in Marktstraat

In my besit is daar 'n medalje met 'n swart lintjie daaraan. Op die brons medalje is die beeltnis van Staatspresident S. J. P. Kruger en op die keersy staan: „Volkstem aandenken Begrafenis de Grote Afrikaner Paul Kruger, Pretoria Dec. 1904”. En met die Dingaansdag 1904 begin vir my die eerste skemerlemier van my herinneringe van my geboortestad; en veral in besonder my geboortestraat „Marktstraat.” (tans Paul Krugerstraat.).

Terloops het 'n eienaardige beeltnis van die begrafnis van Pres. Kruger my altyd bygebly n.l. dat die begrafnisstoet gegaan het verby die kerk op Kerkplein en dat die romp van die kerk daar gehawend gestaan het: Die toring was toe reeds afgebreek. Dit het vir ons voorgekom asof ook hierdie halfafgebreekte gebou in rou gedompel was. Vanaf die hoek van Schoeman- en Marktstraat (aan die westekant), het dit gelyk asof die straat vas teen die kerkgebou loop. Links, op die hoek van die plein het die Goewermentsgebou (die huidige gebou) met die vryheidsbeeld bo op die toring en die Afrikaanse klok daarin, gestaan. Dit is nog, vir sover ek weet, die enigste klok in die wêreld vandag wat die tyd in Afrikaans aankondig n.l. half-tien i.p.v. 'n half-uur na nege. (Luister gerus wanneer u op Kerkplein staan!)

Regs op die hoek by Kerkplein was die drie verdiepings Grand Hotel met sy stoep by elke verdieping. Glo my die ou Grand Hotel sou ons sommer baie stories kan vertel!

Op die oostelike hoek van Mark- en Schoemanstraat was 'n langwerpige, dubbelverdieping gebou. (In één van die bokamers is my geboorteplek).

Al die winkeltjies en winkels was voorsien van afdakke wat op yster pale gerus het.

Die straat was redelik breed maar ongelyk, stowwerig en in reëntye uiters modderig en glad. Daar was feitlik geen voetpaaie aan weerskante nie.

In die middel van die straat was daar 'n spoorlyn wat gedien het as baan vir die „paarde tram”, 'n trem getrek deur twee perde. Die trem was oop en aan weerskante voorsien van treeplanke. Die banke van die trem was voorsien van verskuif- of oorslaanbare rugleunings. Voor en agter was 'n platform vir die bestuurder.

Eendag het my broer en ek resies met hoepels rondom die blok gejaag. Broer Andries was voor toe ons in 'n oostelike rigting Schoemanstraat deurgaan. Sy hoepel het egter vooruit geloop en bereik die hoek van Marktstraat net op die moment toe die perdetrem daar aankom. Sy hoepel vang toe een van die perde net mooi om sy pote en daar lê die perd! Dat ons



soos groot spelde verdwyn en die hoepel in die slag gelaat het, spreek vanself.

Een Sondagmôre, net voordat ons familie soos gewoonlik kerk-toe sou gaan, het 'n reusagtige swerm sprinkane oor Pretoria getrek. In Marktstraat het hulle enkeldiep opmekaar gelê soos 'n groot dik bruin tapyt. Dié oggend was daar (tot ons vreugde) geen kerk nie en kon ons na hartelus sprinkane vassteek op die ysterpenne voor die klein winkelvinstertjies op die hoek van Markt- en Pretoriusstraat (waar nou Savelkoul se gebou is).

My ouers het later oorgetrek na nommer 309 en was daar reg teenoor die kruidenierswinkel van Wulfse en Sievers (waar nou die nuwe regeringsgebou verrys op die hoek van Schoeman- en Paul Krugerstraat). Op 'n goeie dag was daar 'n groot opskudding in ons huis. Die jongste familielid, Chris, het soekgeraak. Na baie soek blyk dit dat die seuntjie kruip-kruip oor die straat gegaan het na Wulfse se winkel — daar was lekkergoed.

In ons nabyheid was nog 'n baie interessante hoekie, daar op die hoek van Skinner- en Marktstraat — die tuin van Perreira. Ons kinders het nooit sy naam geweet nie, maar wel dat dit 'n groot genot was om daar perskes te steel. En was hy 'n kwaai ou! (Die tuin is vandag nog daar!)

Ten slotte nog een hoekie, en wel daar waar die Nuwe Stadsaal nou staan. Op die hoek naaste aan die Z.A.S.M. geboue was 'n kerksaaltjie en daarlangs 'n groot maroelaboom (of was dit 'n wilde vyboom?) In die saaltjie het ons kinders skoolgegaan en speeltje in die boom ons toebroodjies geëet. Daar, waar nou Pretorius se standbeeld sal verrys, het my vader twee erwe besit wat hy teen £5 stuk gekoop het. Later het hy dit teen £50 stuk verkoop en gemeen dat dit redelik was.

— Oom Henk.

---

---

## FOUNTAIN LODGE

**T**HERE appeared in the July, 1953, issue of "Pretoriana" an interesting article by Dr. W. Punt on "Fountain Lodge" wherein it was stated that that house was built by Mr. Bras Pidade Pereira between the years 1865-1870.

It is, I think reasonable to connect this old Pretorian with the Bras Pereira who was a prominent Portuguese trader at Schoemansdal in the 1850's and 60's. He was probably still there in 1867 during the war with the Bavenda, when in July Comdt. Paul Kruger with a commando

soos groot spelde verdwyn en die hoepel in die slag gelaat het, spreek vanself.

Een Sondagmôre, net voordat ons familie soos gewoonlik kerk-toe sou gaan, het 'n reusagtige swerm sprinkane oor Pretoria getrek. In Marktstraat het hulle enkeldiep opmekaar gelê soos 'n groot dik bruin tapyt. Dié oggend was daar (tot ons vreugde) geen kerk nie en kon ons na hartelus sprinkane vassteek op die ysterpenne voor die klein winkelvinstertjies op die hoek van Markt- en Pretoriusstraat (waar nou Savelkoul se gebou is).

My ouers het later oorgetrek na nommer 309 en was daar reg teenoor die kruidenierswinkel van Wulfse en Sievers (waar nou die nuwe regeringsgebou verrys op die hoek van Schoeman- en Paul Krugerstraat). Op 'n goeie dag was daar 'n groot opskudding in ons huis. Die jongste familielid, Chris, het soekgeraak. Na baie soek blyk dit dat die seuntjie kruip-kruip oor die straat gegaan het na Wulfse se winkel — daar was lekkergoed.

In ons nabyheid was nog 'n baie interessante hoekie, daar op die hoek van Skinner- en Marktstraat — die tuin van Perreira. Ons kinders het nooit sy naam geweet nie, maar wel dat dit 'n groot genot was om daar perskes te steel. En was hy 'n kwaai ou! (Die tuin is vandag nog daar!)

Ten slotte nog een hoekie, en wel daar waar die Nuwe Stadsaal nou staan. Op die hoek naaste aan die Z.A.S.M. geboue was 'n kerksaaltjie en daarlangs 'n groot maroelaboom (of was dit 'n wilde vyboom?) In die saaltjie het ons kinders skoolgegaan en speeltje in die boom ons toebroodjies geëet. Daar, waar nou Pretorius se standbeeld sal verrys, het my vader twee erwe besit wat hy teen £5 stuk gekoop het. Later het hy dit teen £50 stuk verkoop en gemeen dat dit redelik was.

— Oom Henk.

---

---

## FOUNTAIN LODGE

**T**HERE appeared in the July, 1953, issue of "Pretoriana" an interesting article by Dr. W. Punt on "Fountain Lodge" wherein it was stated that that house was built by Mr. Bras Pidade Pereira between the years 1865-1870.

It is, I think reasonable to connect this old Pretorian with the Bras Pereira who was a prominent Portuguese trader at Schoemansdal in the 1850's and 60's. He was probably still there in 1867 during the war with the Bavenda, when in July Comdt. Paul Kruger with a commando

of 400 men, a shortage of ammunition and a surplus of malaria, ordered the evacuation of all Europeans. As they moved out, so the Bavendas marched in and destroyed the town which was never re-occupied.

Like many of the Portuguese traders in the early days of the Transvaal, Bras Pereira was an ivory trader at Schoemansdal and probably continued that occupation in Pretoria.

Bras Pereira appears to have been well known, but his son, P. F. R. Pereira, who died recently, was something of a hermit and was hardly known except to a few immediate friends. The only occasions on which I ever saw his name in the press was when he sent a donation to some charity.

About 50 years ago a colleague of mine lived near Fountain Lodge and became friendly with Mr. P. F. R. Pereira who told my friend that when the house was first occupied, his father had a fence of elephant tusks round the property. It was before the son's time, but if correct, the demand for and price of ivory in those days would have made it an expensive fence.

—C. J. BEANES.

---

---

## DIE KRONIEKE VAN WALLMANNSTHAL

T. S. VAN ROOYEN

### II.

*In ons vorige uitgawe het ons aan die hand van die „Kronieke van Walmannsthal”, ’n kort beskrywing gegee van die stigting van hierdie sendingstasie asook ’n oorsig gegee van die werksaamhede van eerw. Knothe aldaar. Hieronder volg nou uittreksels uit briewe en hoeranberigte wat ons ’n meer besondere weergawe gee van eerwaarde Knothe se arbeid onder die naturelle sowat 17 myl van ons hoofstad af gedurende die laaste dertig jaar van die vorige eeu. Die hoofstukindeling en opskrifte is dié van Dr. G. Knothe, seun van eerwaarde Knothe wat die Kronieke saamgestel het.*

#### **I. Afskeid van Pretoria en moeilike Aanvang van die Werksaamhede te Wallmannsthal. Beskrywing van die Toestande te Wallmannsthal.**

Op die 13de Maart 1870 het Knothe alleen uit Pretoria vertrek. Sy familie sou eers op die 19de April 1870 hul by hom op die sendingstasie

of 400 men, a shortage of ammunition and a surplus of malaria, ordered the evacuation of all Europeans. As they moved out, so the Bavendas marched in and destroyed the town which was never re-occupied.

Like many of the Portuguese traders in the early days of the Transvaal, Bras Pereira was an ivory trader at Schoemansdal and probably continued that occupation in Pretoria.

Bras Pereira appears to have been well known, but his son, P. F. R. Pereira, who died recently, was something of a hermit and was hardly known except to a few immediate friends. The only occasions on which I ever saw his name in the press was when he sent a donation to some charity.

About 50 years ago a colleague of mine lived near Fountain Lodge and became friendly with Mr. P. F. R. Pereira who told my friend that when the house was first occupied, his father had a fence of elephant tusks round the property. It was before the son's time, but if correct, the demand for and price of ivory in those days would have made it an expensive fence.

—C. J. BEANES.

---

---

## DIE KRONIEKE VAN WALLMANNSTHAL

T. S. VAN ROOYEN

### II.

*In ons vorige uitgawe het ons aan die hand van die „Kronieke van Walmannsthal”, ’n kort beskrywing gegee van die stigting van hierdie sendingstasie asook ’n oorsig gegee van die werksaamhede van eerw. Knothe aldaar. Hieronder volg nou uittreksels uit briewe en hoeranberigte wat ons ’n meer besondere weergawe gee van eerwaarde Knothe se arbeid onder die naturelle sowat 17 myl van ons hoofstad af gedurende die laaste dertig jaar van die vorige eeu. Die hoofstukindeling en opskrifte is dié van Dr. G. Knothe, seun van eerwaarde Knothe wat die Kronieke saamgestel het.*

#### **I. Afskeid van Pretoria en moeilike Aanvang van die Werksaamhede te Wallmannsthal. Beskrywing van die Toestande te Wallmannsthal.**

Op die 13de Maart 1870 het Knothe alleen uit Pretoria vertrek. Sy familie sou eers op die 19de April 1870 hul by hom op die sendingstasie

voeg. Te Wallmannsthal aangekom, het hy besef dat daar swaar arbeid vir hom voor die deur staan voordat die stasie aan sy doel sou kon beantwoord. 'n Kombuis moes ten eerste gebou word, terwyl daar teen die termiete wat reeds byna al die houtwerk van die bestaande huisie afgevreet het, 'n vernietigingsoorlog gevoer moes word. Nadat alles tot 'n mate woonbaar ingerig is, het hy sy familie op die 19de April in Pretoria gaan haal. Sonsondergang daardie selfde dag het eerwaarde Knothe en sy familie by Wallmannsthal aangekom. By hul aankoms is hulle hartlik deur die naturellegemeentelede verwelkom. Koring en suikerriet was hul verwelkomingsgeskenke.

Die eerste taak wat op eerw. Knothe gewag het, was om die stasie uit te bou. Die volgende is 'n aanhaling uit een van sy briewe en gee ons enigszins 'n idee van hoe die stasie daar uitgesien het by sy aankoms: „'n Groot huis wat meer na 'n ruïne gelyk het as iets anders, staan teen 'n heuwel. Die kaal half ingevalle mure bied 'n pragtige uitsig na 'n noordelike tafelland. Die loop van die Pienaarsrivier is met die blote oog vir myle sigbaar. Enige honderde treë agter die huis is daar 'n statjie bestaande uit sewe hutte. Die naturelle wat daar woon was die plaasarbeiders van die vroeëre eienaar van hierdie plaas. Oos van die huis sowat 100 treë verwyder, staan 'n klein huisie wat ook die ergste tekens van verval toon. Die inwoners van dié huisie is slange, akkedisse, muise en miere. Die doringveld begin dig by hierdie huisie en strek wyd so ver as die oog kan sien na die Ooste, Suide en Noord-Ooste.”

Wetgewing i.v.m. naturelle-aangeleenthede wat deur die Republikeinse Regering in Pretoria aangeneem is, dreig om die sendingwerk te verongeluk. Die „inboek”-stelsel is niks anders as verholde slawerny nie. Sommige van die Boere is die sendingwerk vyandiggesind. Hulle beskou die naturelle as 'n kruis tussen 'n aap en 'n mens! 'n Boerekommando het Wallmannsthal besoek en ge-eis dat die stasie gesluit word. Eerw. Knothe se beroep op die Regering het gelukkig geslaag en is hierdie bedreiging afgeweer.

Gedurende November 1870 het 'n onverwagse gebeurtenis plaasgevind. Dit het 'n storm oor Wallmannsthal laat toesak wat die ontwikkeling van Wallmannsthal kon vertraag het asook eerw. Knothe se hoop, ja selfs die stasie, met vernietiging bedreig het. Nadat die Boere hul vroeëre inboekstelsel opgehef het, het hulle 'n nuwe wet gemaak waarvolgens nie meer as 5 naturelle-families op 'n plaas toegelaat sou word nie. Daarby sou elke naturel 'n belasting moes betaal. Naturelle wat hul buite die lokasies bevind het, sou verplig wees om by 'n boer op 'n plaas te gaan werk. As hierdie wet konsekwent toegepas sou word, dan sou die bloeiende sendingwerk van die sendelinge met een hou vernietig gewees het. Dit is alleenlik aan die energieke optrede van Knothe te danke dat hierdie gevaar vir Wallmannsthal en die ander sendinggemeentes in Transvaal afgeweer is.

In die „Missionsberichten” van 1871, bladsy 363, word hierdie gebeurtenisse as volg meegedeel:



*Hierdie ou akkerboom is omstreeks 1871 deur eerw. Knothe geplant.  
Op die agtergrond tussen die bome kan 'n gedeelte  
van die ou sendinghuis gesien word,*

„Vroeër het die tradisionele gebruik bestaan dat elke Boer die reg gehad het om van die naturelle wat hulle op sy plaas bevind het, te dwing om in sy diens te tree. Somtyds het dit egter gebeur dat Boere diensbodes verkry het deurdat hulle naturellekinders gekoop het en hulle dan as „weeskinders” vir hul onderhoud, op die plase laat werk het. Hierdie kinders moes dan tot hul 20ste of 25ste jaar sonder vergoeding in diens van die Boer bly. Aangesien hierdie stelsel niks anders was as bedekte slawerny nie, het die Britte ernstige kritiek daarteen geopper met die gevolg dat dit vir etlike jare afgeskaf is.

„Verlede jaar het die Boere egter ’n nuwe wet aangeneem wat daarop neergekom het dat aan elke blanke die vergunning verleen sou word om tot 5 naturellefamilies in hul diens te betrek. Elke naturel is verder verplig om tot die diens van een of ander blanke toe te tree en ook om opgaaf te betaal. Hierdie wet het nie tot die guns van die sendingstasie gestrek nie. Dit sou blykbaar onmoontlik wees om meer as 5 naturellegesinne op die stasie te laat woon. Dit het dus daarop neergekom dat sendingwerk voortaan in Transvaal beëindig moes word, want dit sou tog onmoontlik wees om vir elke 5 naturelle-families een sendeling uit te stuur en te besoldig.

„Dit is seker dat goedgesinde Boere asook die Regering wat uitdruklik verklaar het dat hulle die sending goedgesind is, nie bedoel het om met hierdie wet sendingwerk te vernietig nie, maar die strekking van die wet en die moontlike toepassing daarvan, het ’n barbaarse bedreiging vir die sending ingehou. As die konsekwente toepassing van die wet onder beskaafde volkere bekend sou word, dan sou waarlik geen opgevoede mens daaraan kon dink om die Transvaalse Republiek wat voorgee beskaafd te wees, as ’n beskaafde Regering te erken nie. As dit nie die bedoeling was om hierdie wet op die sendingstasies toe te pas nie, dan kan daar gekonstateer word dat daar tog Boere is, behalwe natuurlik dié paar welwillende Christene, wat die sendingwerk soos gif haat, wat die toekenning van enige menseregte aan en die deelname in die seëninge van die Evangelie deur die naturelle met alle mag sou teëgaan. By hierdie oorwegend onchristelike gedeelte van die bevolking moet verder bygevoeg word ’n groep werklike christengesinde Boere wat egter nogtans glo dat die swartes, indien hulle nie ’n kruising tussen ’n aap en ’n mens is nie, hulle nogtans afstammeling van Gam se geslag is, en dus deur God self daartoe bestem is om ’n kneg van die Boere te wees. Sommige meen die swartes is nakomelinge van Kanaan, wat vir uitroeiing deur die Israeliete, God se uitverkore volk, (daarby sluit hulle in alle blankes) bestem is.

„As dit laasgenoemde twee groepe sou geluk om tydelik die hef in die hande te kry, dan kon hulle op grond daarvan dat die wet geen uitsondering ten gunste van die sendelinge maak nie, ons gesamentlike sendingwerk op grond van die wet, ’n dodelike hou toedien. En ’n poging in dié rigting is dan ook verlede November gemaak.

„Op Maandag, 8 November het ’n Boere-kommando, aangevoer deur

'n kommandant en voorsien van instruksies afkomstig van kommandant-generaal Kruger, by die stasie opgedaag. Sonder om ons eiendomsreg as eienaars van Wallmannsthal in ag te neem, het hulle 'n opname van die natuurle gemaak en as diensbodes onder die omliggende Boere begin verdeel. Aan Knothe is meegedeel dat hy alleenlik 5 families kon behou. Die origes moes by ander in diens tree aangesien hulle tog vroeër op Boere se plase gewoon het. As die natuurle weier om te gaan, sou elkeen met tien, ses of vyf pond beboet word. Johannes, hul kaptein, sou met £15 beboet word. Die boete moes binne twaalf uur betaal word. Eerw Knothe kon die uitvoering van hierdie maatreël alleenlik daardeur verhoed dat hy persoonlik borg gestaan het vir die uitbetaling van die strafgeld en daarna persoonlik hulp by die Regering gaan soek het.

„Knothe se petisie aan die Regering was gelukkig geslaagd en sou die inwoners van Wallmannsthal op die sendingstasie kan bly. Die dreigende storm is afgeweer!”

### **Uittreksels uit 'n brief aan 'n vriend, 30 Junie 1873:**

„Met my sendingwerk vorder dit stadig maar seker. Immer meer persone meld hul vir dooponderrig aan. Kaptein Papo by wie ek in 1865 'n stasie wou oprig, en wat my nie alleen verdryf het nie, maar ook wou vermoor, is nog steeds vyandiggesind. My arbeid by hom was egter nie sonder resultaat nie, aangesien Gods Woord ook by sommige van sy volgelinge ingeslaan het. Baie van hulle het hul in tussentyd bekeer. Aangesien Papo sendingwerk in sy gebied belet het, het baie van hierdie bekeerlinge van hom af weg getrek en hul te Wallmannsthal gevestig. Van tyd tot tyd het hele groepe van Papo se volgelinge hierheen getrek. Gevolglik het 'n taamlke groot stat hier by my ontstaan. Daaroor het Papo natuurlik vuur en swael gespoeg. Wallmannsthal het vir sommige van sy volk dieselfde geword as Bothsabelo vir Sekukuni se volk nl. 'n samelpunt en toevlugsoord vir diegene wat uit hoofde van hul geloof, vervolgd en verdryf word. In Oktober 1869 het hy selfs van sy soldate hierheen gestuur om 'n vrou wat tot bekering gekom het, met geweld na hom terug te bring. Hulle moes egter onverrigtersake terugkeer. Kort daarna het twee van sy afgesante hier verskyn. Hulle het gedreig dat Papo die stasie sou afbrand en my vermoor aangesien ek hom beledig het.

„In sy haat teen die Christendom het hy ook probeer gebruik maak van sy towermiddels om sodoende die „gif van die geloof” onskadelik te maak. Toe hy hoor dat een van sy onderdane weer kerk toe gegaan het, het hy hom laat roep en beveel om 'n toordrank te drink. Toe hy dit weier, het Papo hom op die grond laat gooi en die drank met geweld by sy mond ingeforseer. Papo het naamlik geglo dat ek dié persone wat na my gekom het, 'n toordrankie ingegee het om hulle sodoende te bekeer! Deur sy teenmiddel het hy gepoog om die werking van my toordrankie



te neutraliseer of te besweer. Dit het hom egter alles niks gebaat nie en het waarskynlik alleenlik die teenoorgestelde uitwerking gehad aangesien die bekeerlinge blyke gegee het van 'n inniger en vaster geloofsvertroue as voorheen.

„'n Paar maande gelede het een van Papo se jong manne uit die Kaapkolonie, waar hy tot die Christendom bekeer is, teruggekeer. Nadat hy 'n tyd lank op hierdie stasie vertoef het, het hy lus gevoel om ten minste een besoek aan sy eertydse vaderland af te lê. By Papo aangekom, wou Papo weet of hy 'n geweer uit die Kolonie saamgebring het.

Makororo (die jongman) sê toe „nee.”

Papo: „Wat het jy dan saam gebring?”

Makororo: „'n Bybel, aangesien ek 'n Christen geword het.”

Daarop het Papo, buite homself van woede, geantwoord en gesê dat Makororo na die land van waar hy gekom het, moes terug keer sodat hy nie al sy volgelinge kon verderf nie. Ook die ander oorgeblewe Christene is beveel om sy land te verlaat aangesien die God van die blankes nie daar aanbid kan word nie. Die Sondag daarop het die paar Christene hul diens nie soos gewoonlik in die kraal gehou nie, maar buite in die veld. Daardie Maandag het Papo hulle weer laat roep en gesê: „Dit is goed so dat julle jul gebede buite in die veld gaan opsê het, aangesien hier 'n ander God as jul s'n regeer. Dit is egter nie genoeg nie. Wil julle hier bly, bring my dan al jul boeke sodat ek dit hier op die vuur tot as kan laat verbrand.”

„Toe hulle hierdie bevel weier, het hy hulle verdryf uit sy land. Sommige van hulle het na Mpajlele gevlug, terwyl ander by Matlala skuiling gaan soek het. Na 'n ruk, hoe lank weet ek nie nou nie, het hulle na hul land terug gekeer met die hoop dat Papo se toorn midlerwyl verdwyn het. Papo het hulle egter onmiddellik voor hom laat roep en gesê: „Dink tog nie dat ek met julle die gek geskeer het nie. As julle Madjakane (blankes) wil wees, dan het jul verblyf hier ten einde geloop. Gaan na meneer Knothe en sê aan hom dat julle verdorwe mense is. Met julle wil ek niks meer te doen hê nie. Vir hom is julle goed genoeg, maar ek sweer julle nou af” . . . .

„Ook die twee kapteins Johannes Kekana en Molebeledi besorg my veel sorge. Eersgenoemde is 'n broersseun van Papo. Soos ek reeds voorheen aan jou geskryf het, het Johannes my in die verlede veel vreugde verskaf en is hy in Pretoria deur my gedoop. Hy het hom ook daarvoor beywer dat sy volgelinge die Evangelie aanvaar. Ek het my egter bitterlik in hom vergis. Nie alleen het hy hom aan die drank verslaaf nie, maar het daarby aan ons baie kommer besorg. Deur hoogmoedige gedagtes aangespoor, het hy opstandig geword en het teen my geintrigeer met die doel om sy aansien onder die naturelle te laat toeneem. Hy het steeds dieper gedaal en sal seker die stasie met 'n gedeelte van sy volgelinge verlaat, aangesien hy reeds telkemale te kenne gegee het dat hy wou trek. As

hy hierdie dreigement uitvoer, sal my gemeente ietwat krimp maar ek kan egter op uitkoms staat maak, aangesien kaptein Selape reeds die gedagte uitgespreek het dat hy met al sy volgelinge hierheen wil trek.”

„Ook Molebeledi het afvallig geword. Ek het reeds gehoop dat ek hom sou kon doop, veral nadat hy al sy vrouens behalwe een, verlaat het, en daardeur die grootste offer gebring het wat 'n heiden vir die geloof kan bring. Maar nou het die duiwel egter in hom gevaar en het hy uit gekrenkte trots, tot die heidendom teruggekeer. Ek het naamlik die fout, in sy oë altans, begaan om een van sy eertydse vrouens voor hom te doop aangesien hy self nog nie daarvoor ryp genoeg geag is nie. Nou het hy my bitterste vyand geword en agiteer ook teen my. Hy wou selfs sy bekeerde seun Jesaja vergewe en het hom terstond uit sy kraal uit weg gejaag. Verder het hy sy vrou Sara belet om in sy huis te bid of om die kerk te besoek. Ook die kinders wat nog steeds die kerkdienste en ook gedeeltelik die skool besoek het, het hy met geweld terug gehou. Ja, hy verbied hul selfs om geestelike liedere in sy kraal te sing. Twee meidjies het na my toe gevlug aangesien hy hul met verkragting gedreig het . . . .”

*(Word vervolg).*

---

---

## KORRESPONDENSIE

### Brief van oud-Regter W. E. Bok.

Die Redakteur,  
Pretoriana.

Met belangstelling het ek in u laaste uitgawe die „Herinneringe” van die heer L. R. Middelberg gelees. Ek wil egter daarop wys dat die heer Middelberg sig vergis wanneer hy meen dat die Staatsgimnasium in die begin gehuisves was in 'n woonhuis op die Kerkplein waar die Reserwebank nou staan. Die eerste tuiste van die Staatsgimnasium was op die ander hoek van die plein, waar die Paleis van Justisie nou staan. Aan die westekant van daardie woonhuis in dieselfde blok, was daar net een geboutjie — en dit was, as ek my goed herinner, die laboratorium van die oude heer Fockers.

W. E. BOK.

(Ons het hierdie brief aan mnr. Middelberg voorgelê en hy gee toe dat hy hom vergis het en dat regter Bok dus gelyk het.—Red.).

# Waar President Kruger in 1895 en 1900 in Lourenco Marques tuis was

**Dr. W. Punt skryf :**

Verskeie kere is my deur persone in Lourenco Marques vertel dat Pres. P. Kruger in Oktober 1900 in die huis van Gerard Pott in die Vasco da Gamatuin gewoon het. Verder word verhaal dat die Z.A.R. die huis vir die president as strandhuis laat bou het. Hierdie twee bewerings word nou as geskiedkundige feite deur vele Afrikaners en Portugese aanvaar. Ondersoek het aan die lig gebring dat die bewerings foutief is. Dokumentêre bewyse vir die bewerings kon niemand voorlê nie.

By geleentheid van my onlangse besoek aan Lourenco Marques het ek van Dr. Karel Pott die ware toedrag van sake verneem. Hy het nog die oorspronklike brief van sy vader in sy besit en hier volg die afskrif daarvan.

Lourenco Marques, 16th July, 1922.

To the Editor,

The Lourenco Marques Guardian.

Sir,

In your yesterday's issue reporting a visit of the delegates of the Congress to the local Museum, you state in the English section that "this was formerly President Kruger's seaside residence" and in the Portuguese section that the Museum is installed in the "house which belonged to President Kruger." As hundreds of local residents and no doubt a great number of people in the Union and Europe know, this is not in accordance with facts and the office of the registrar of deeds can give proof that President Kruger never appropriated my residence. The history is that I bought the ground in 1886 and till 1898 prepared it to receive a dwelling house.

I then got plans drawn up by an architect from Holland and in 1899 and 1900 I built my residence according to my taste, living in the meantime in the house in the Avenida da Republica next to Avenida Buildings.

It was in that humble house that President Kruger was twice my guest and very much pleased he was with it as it had not a single step or staircase.

I occupied my new residence, now the Museum, in September 1900 and President Kruger never resided there, not even for an hour. The fact that while I owned that property I was Consul for the Netherlands, Consul General for the Orange Free State, Consul General for the South African Republic, agent for the Castle Mail Packets Co., etc., does not include that the Queen of the Netherlands, President Steyn, President Kruger or Sir Donald Currie, etc., could appropriate my private property and I am positive that none had the slightest wish to own a residence in this Town. Though, after being the owner of the Museum for 25 years and after a bad attack of eye disease, the large house did not suit me, and it was taken over by a financial company in Amsterdam which sold it to the Portuguese Government in 1914. It was first used as office of the Secretary General and later as a museum.

I shall be obliged if you will publish this letter in both sections of your paper and rectify your wrong statement also in both sections, as above all delegates to a Congress of science and school children should know the **true history** and not believe an invented yarn, and even less leave with the impression that President Kruger had stolen my property.

I do not know the necessity there was to refer yesterday to the late President Kruger in this manner. If you had such a strong wish to print his name, you might have referred to the fact that the day before yesterday on the 14th July, the day of the visit, it was 18 years ago that President Kruger, an exile, died at Clarens in Switzerland.

This might have interested some of the delegates and also local residents who remember the late President **who certainly has done no harm to this port.**

Also the fact that a local resident and foreigner had enough confidence in the future of this town and in their climate to build such a residence in 1899, might have impressed the delegates to the Congress.

We had no wharf yet, few hardened streets and none near my residence, now the Museum, I then built, no tramways, neither taxis, the public gardens were a swamp, but we had the port and that was evidently enough for me.

Thanking you, I am

Yours truly,

(G. Pott).

G. Pott  
Avenida Joao de Deus.

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

**UNIE-BOEKHANDEL**

Kerkstraat 236, Pretoria.

en

**VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL**

Librigebou, Kerkstraat, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

**UNION BOOK STORE**

236, Church Street, Pretoria.

and

**VAN SCHAIK'S BOOK STORE**

Libri Buildings, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksemplaar.

Price: 1/- a copy.

Adres van die penningmeester: Posbus 427.

Address of the treasurer: P.O. Box 427.

## Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig 22 Maart 1948)

## Association Old Pretoria

(Founded 22 March, 1948)

---

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

---

---

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

---

### BESTUUR:

### EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — THE MAYOR OF PRETORIA — *Chairman.*

DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA.

*Ondervoorsitter* — Dr. V. FITZSIMONS — *Vice-Chairman.*

*Skrywer* — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*

*Penningmeester* — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*

*Argivaris* — Kapt./Capt. H. DE V. DU TOIT — *Archivist.*

*Lede* — Dr. T. S. VAN ROOYEN — *Members.*

Mej./Miss J. H. DAVIES.

Mr./Mnr. H. A. DE LOOR.

Mnr./Mr. R. PEACOCK.

Dr. G. W. EYBERS.

Mnr./Mr. H. M. REX.

*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:*

Raadslid/Councillor W. J. SEYMORE.

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422, Bydraes moet gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422.